

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 8, NO 10 OKTOBER 2002

REDAKSIONEEL

LIEFDELOSE LIEFDE

Ons moet in liefde van mekaar kan verskil. Liefde skep 'n atmosfeer van verdraagsaamheid om verskillende - selfs teenoorgestelde - standpunte te erken en respekteer. In liefde het ek reg op my siening, en jy op joune – sonder dat ons mekaar verketter. Die liefde van Christus dryf ons om die strydbyl te begrawe en met verenigde kragte in een juk saam te trek.

So word gesê. En besluit. En geskryf.

Die vraag is: is dit die waarheid? Het liefde in die Rigtertyd geheers, toe elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë? Was dit uit liefde dat Jerobeam 'n eie tempel vir die tienstammeryk in Dan en Bet-el opgerig het? Die vraag kan ook omgedraai word. Was dit liefdeloos toe Paulus en Silas op die tweede sendingreis die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan die gemeentes oorgegee het om noukeurig te onderhou (Handelinge 16:4)? Het liefde ontbreek toe Paulus vir Petrus in Antiochië teengestaan het omdat laasgenoemde se optrede duidelik teenstrydig met God se wil was (Galasiërs 2:11)?

My broer se wagter

Op die oog af lyk dit baie liefdevol as mense wat van mekaar verskil uiteindelik besluit om in wedersydse respek van mekaar te verskil en dan by die verskil te berus. Dit kom so nederig oor as daar uitgespreek word: ons eer en erken u sienswyse; ons vra vriendelik dat u ook ons standpunt broederlik sal aanvaar en erken.

Maar is dit wat die HERE van sy kerk in geheel en van gelowiges onderling verwag?

Paulus sou heel beslis nie liefdevol opgetree het as hy sy mede-arbeider en -apostel Petrus op sy dwaalweg laat begaan het nie. Intendeel, dit sou 'n teken van liefdeloosheid wees. Om 'n struikelende broeder verder te laat struikel onder die vaandel dat liefde moet regeer, getuig van ampsversaking. Die HERE het die profeet Esegjël uitdruklik hieroor vermaan: 'Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku'. Die HERE voeg bowendien 'n ernstige waarskuwing daaraan toe: 'As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe – en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis' (Esegjël 3:17,18).

Onverdraagsame liefde

Dit is duidelik dat die HERE se liefde grense het. Die HERE is 'n jaloerse God, wat waak oor sy heilige Naam en sy heilige wil. Alles wat teen Hom en teen sy wil indruis, moet ten bloede toe beveg word. Dit is liefde. Liefde verdra geen verset teen God nie. Liefde duld geen akkomodasie van menslike gedagtes en uitvee van Godgegewe norme nie. Liefde soek nie na 'n goue middeweg nie. Liefde word heilig onverdraagsaam indien daar met God en sy gebod gemors word. Christus se ywer vir die huis van God het Hom verteer toe Hy die geldwisselaars en duiwewerke met sweep-slae uit die tempel verdryf het. Sy liefde was op daardie stadium 'n brandende liefde.

In terme van die hedendaagse soeke na vrede, soos wat dit wortel in die teelaarde van algemene mensliewendheid, sou Christus se radikale optrede in die tempel beslis nie as liefdevol bestempel word nie.

Ware liefde gevra

Intussen word dit baie duidelik wat die Vader van sy kinders verwag. Liefde wat soos 'n vlam uit die hemel kom (Hooglied 8:6), werk tweesnydend. Dit kan nie anders nie. In ons gebroke bestaan het ware liefde alles te doen met 'n onuitbluslike ywer vir God. En onlosmaaklik daaraan verbind 'n onuitbluslike ywer teen alles wat God haat.

Moet ons dus maar in liefde van mekaar kan verskil? Nee.

Skep liefde 'n atmosfeer van verdraagsaamheid om verskillende - selfs teenoorgestelde - standpunte te erken en respekteer? Nee.

Het ek in liefde reg op my siening, en jy op joune – sonder dat ons mekaar verketter? Nee.

Dryf die liefde van Christus ons om die strydbyl te begrawe en met verenigde kragte in een juk saam te trek? Ja, mits sake tot op die been uitgewerk is en die eer van die HERE in alles voorstaan.

Liefde vir God moet ons aan mekaar bind op die basis van die Woord. Anders word dit liefdelose liefde – 'n gevaarlike spel van menslike welwillendheid.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Liefdelose liefde
- 2 **Skrifoordenking**
Aanhou reformeer
Ds GJ Meijer
- 4 **Aktueel**
Die Godsdname en veral die Naam HERE in die Nuwe Beryming
Dr AH Bogaards
- 6 **Kerkgeskiedenis**
Johannes Calvyn - begenadigde kind van God
- 8 **Regte**
Ongebore menselike lewe - die Nasciturusreël (2)
Dr AH van den Bout
- 8 **Op die kerkerf**
Skrifbeskouingskrisis
Ds HLJ Momberg
- 10 **Rekenaar en Internet**
Rondgelei deur Wittenberg se strate, die stad van Luther
Dr AH Bogaards
- 10 **Persskou**
 - Gewoon Gereformeerd
 - Reënboog-Gereformeerd?

AANHOU REFORMEER

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

“So spreek die HERE: wandel in die ou paaie, en julle sal rus vind vir julle siel”

Jeremia 6:16

Die profeet Jeremia staan in diens van die HERE om vir die volk Israel te vertel waar hulle met hulle God staan en waar God met hulle staan. Die dae is donker as Jeremia in die Naam van die HERE oor hierdie dinge moet profeteer. Die noordelike tien stamme het God tot so 'n mate met hulle afgodery vertoorn dat die Here hulle oorgegee het in die hand van hulle vyand. Hulle is weggevoer in ballingskap. Nou kom die laaste twee stamme aan die beurt. Hulle word voorgestel as 'n wingerdstok wat afgeoes moet word (vers 9). Jeremia moet soos 'n druiweplukker sorgvuldig gaan ondersoek instel of daar in die agtergeblewe twee stamme van Israel nog enige liefde vir die Here is.

Jeremia se bevinding lyk alles behalwe rooskleurig. Hy kom so te sê in opstand teen die Here se bevel (vers 10): Wie sal ek toespreek en waarsku, dat hulle kan hoor? Israel se oor is onbesnede, hulle is doof vir die woorde van die HERE. Die HERE kan praat en praat, maar dit skeel hulle nie. Hulle doen buitendien wat hulle self wil, ongeag wat God sê. Nee HERE, daar is geen enkele mooi, gesonde druiw meer te vind aan die wingerd van Israel nie. Almal maak onregverdige wins. Almal, ook die geestelike leiers, pleeg bedrog. Daar is geen eerlikheid meer oor in die land nie. Selfs die kinders loop die pad van hulle ouers. Hulle leer van kleins af om net aan hulle self te dink en U, die Here asook hulle naaste te vergeet.

Ja, vir die skyn word daar nog vir die HERE geoffer (vers 20). Wierook word spesiaal uit Skeba ingevoer en kosbare kalmoes uit 'n verland. Dit is elke dag 'n hewige drukte by die tempel in Jerusalem. Daar word gebid op die voorgeskrewe ure, diere vir die brand- en slagoffers word aangekarwei. Maar die lewende hartklop in die godsdiens ontbreek. As die HERE by monde van sy profete beveel om in die ou paaie te loop, dan is die volk se reaksie: ons wil nie daarin loop nie. As die HERE wagte oor hulle aanstel, as Hy hulle waarsku om reg te maak waar hulle brou, dan sê hulle: ons wil nie luister nie. Israel loop sy eie pad, die volk volg hulle eie kop - en verlaat die HERE se ou pad.

Ou paaie

Wat is hierdie ou paaie waarna die HERE verwys, en wat beteken dit dat Israel daarvan afgewyk het? In die Hebreeus word daar gepraat van 'ewige paaie' (deregim olam). Dit is paaie wat lankal deur die HERE vasgelê is: beproefde paaie, paaie wat standhoudend en vas is en nie verander nie.

Die eerste waaraan ons moet dink as daar na ou paaie verwys word, is die *verbondswet* (tora) wat die HERE as baken vir die lewe van sy kinders opgerig het (vers 19). By monde van Moses het die HERE sy tien gebooe en talle ander wette aan sy volk gegee. Elke gebod vorm deel van die on-onderbroke geel waarskuwingstreep wat die HERE op die ou pad teken. Geen afgodery, geen beelddiens, geen ydele gebruik van My Naam, geen ontheiliging van My Sabbat. Die bane op die pad word sorgvuldig uitgemerk: eer jou vader en jou moeder, respekteer die lewe van jou naaste, die huwelik en eiendom en goeie naam van jou naaste. Daarom: geen doodslag, geen egbreuk, geen diefstal, geen kwaadpraterij, geen verkeerde begeertes. Wie die duidelike strepe ignoreer, mis die pad en verongeluk.

Die ou pad van die HERE word nog verder uitgespel deur die *profete* van die Ou Testament (Lukas 16:29). Profete word deur die Here gestuur om die volk onder bepaalde konkrete omstandighede aan die gebooe van die HERE te herinner. Dikwels kom daar dringende waarskuwings uit die mond van God se profete: oppas, moenie dwaal nie. Sommige profete moet Godspraak aan die volk oordra, soos Habakuk en Maleagi. Ander sien gesigte en visioene - Obadja en Daniël. Profetiese vergesigte gee vir God se volk uitsig op die toestand van die pad vorentoe. Nog ander profete moet deur geïnspireerde psalms en spreuke die wil van die HERE bekendmaak. Elke profesie, elke psalm, elke spreuk, elke naggestig en Godspraak is verdere ontvouing van die pad wat God se kind moet loop.

En dan is daar in die derde plek 'n baie tasbare manier waarop die Here sy ou paaie bekendmaak. Ons ken Hom uit sy werke. In Psalm 78 word ons opgeroep om na die roemryke dae van die HERE in die geskiedenis te kyk en dit aan ons kinders te vertel. Israel moet maar net in hulle verlede delf. Die HERE het hulle altyd gedra in tye van nood. Die volk was nooit uitgelewer aan een of ander willekeurige mag nie. Ook ons, kerk van Jesus Christus, moet in ons geskiedenis kyk. God het in Christus onder ons kom woon. Hy maak Homself en Sy wil aan ons bekend. Deur evangelieskrywers en apostels leer Hy ons presies hoe ons vir Hom kerk moet wees. Hy beduie wat ons optrede in die samelewing moet wees. Bowendien sien ons hoe die HERE na die afsluiting van die Bybel die pad met sy kerk verder loop. Kerkreformasie in die sestiende eeu. Sinode van Dordrecht 1618/19.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

Kort daarna die koms van Jan van Riebeeck in die Kaap. Die Groot Trek, die slag van Bloedrivier, die ontstaan van Boere-republieke. Dié dinge is meer as net blote feite uit die verlede. Dit bring ons onder die indruk van God se groot daade in ons geskiedenis. Ons leer die ou paaie van die HERE ontdek, hoe Hy op sy unieke manier die evangelie van verlossing in donker Afrika inbring en instandhou.

Om saam te vat: wat is die ou paaie van die HERE? Dit is die HERE se duidelike wil, soos wat Hy dit dwarsdeur die Bybel, en ook in die gebeure van elke dag, bekendmaak. Dit is paaie wat dwarsdeur al die eeue dieselfde bly en daarom goed bekende, vertroude paaie is. Dit is veilige paaie, waarop ons voorouers in geloof geloop het en waarop ons nou in vrede mag verder loop.

Roeping

In Jeremia 6:16 word vier bevels gegee wat aandui wat die roeping van die gelowige met betrekking tot die ou paaie van die HERE is:

- Staan op die weë
- en kyk
- Vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is
- en wandel daarin

Staan, kyk, vra, wandel.

Die eerste bevel: *staan* op die weë! Dit beteken: leef nie met 'n dolle gejaag blindelings en onbesonne voort nie, maar hou kort-kort stil. Maak voorraad-opname: van waaraf kom ek, waarheen is ek op pad? Waarheen beweeg ons as gesin, as gemeente, as volk? Daar is verskillende paaie om te loop, watter een is goed en reg? Beweeg ons dalk saam met die breë stroom, word ons ongemerk meegevoer deur verkeerde elemente, land ons op sypore - of nie? Hou stil: dit is 'n opdrag in die gejaagde lewe.

En *kyk*: dit is opdrag nommer twee. Watter paaie loop waarnatoe, wat is die konsekwensies van watter pad? Daar moet geëvalueer word. Ons moet krities kyk. Eerstens na onself, na ons eie optrede - en dan ook na die optrede van ander. Ons moet in geloof die gebeure van die dag toets. Met die Woord van God as onfeilbare liniaal moet ons alles meet wat om ons aangaan. Niks mag sommer vir soetkoek opgeëet word nie, want dan kyk ons nie.

Daarmee saam loop die derde bevel: *vra* na die ou paaie. Vind uit wat die HERE oor sake sê. Doen navorsing in Gods Woord. Bestudeer die hele Bybel. Bid vir insig en wysheid. Kry so duidelikheid oor tergende vraagstukke. Moet nooit jou skouers in onkunde optrek nie.

En die vierde bevel: *wandel* in die ou paaie. Leef volgens die wil van God. Pas God se onveranderlike beginsels toe in 'n wêreld wat voortdurend aan die verander is. Behou sin en rigting in die gejaagde lewe. Wys die koers ook vir die mense om jou aan - veral vir hulle wat in totale duisternis van ongelooft leef. Wees op die voorpunt van vooruitgang, moenie agter die tyd raak nie!

Tydsgees

'Staan op die weë en kyk; vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is; en wandel daarin': dié viervoudige opdrag is in ons tydsgewrig van ontsaglike belang. Want wat is vandag die oorheersende neiging, in watter atmosfeer leef ons? Die ou

paaie word opgebreek; opwindende nuwe snelweë word gebou. Enigiets wat nuut en anders is, is reg. Hoe meer obskuur en waaghalsig jy is, hoe meer gekruide taal jy kan gebruik, hoe meer wys jy dat jy volwasse is en die dinge van 'n kind afgeskud het. God se Woord is nie meer norm nie, maar die moderne mens met sy gevoelens en strewes is self die norm. Die vastigheid van God se Woord moet plek maak vir die veranderlikheid van die avontuurlustige mens wat oor niks meer seker is nie. In dit alles word die verlede met een penstreep doodgetrek - asof dit van nul en gener waarde is. Daar word amper alleen maar negatiewe kritiek uitgespreek oor alles wat ons voorouers gedoen het. Hulle wandel op die ou paaie word totaal verkleineer. Dit is ons tydsgees. Dié gees sluip oral in: in die gesin, in die kerk, in skole, in die politiek - oral.

Dié gees was ook oorheersend in Israel, in die dae van Jeremia. Daar word welbewus van die Here se ou paaie afgedraai, en 'n nuwe koers word ingeslaan. Aan die buitekant was daar nog godsdienstigheid te sien: die offers word geoffer. Maar intussen pleeg profeet en priester bedrog. Ware kennis van God en liefde vir God ontbreek. Daar word met bravade gesê: ons wil nie loop op die pad van die HERE nie, ons wil nie na Hom luister nie. Jeremia moet die verdwaalde verbondsvolk hard tot orde roep: keer terug na die HERE se onveranderlike weë! 'Dogter van my volk, omgord jou met 'n roukleed en wentel jou in die as, want anders kom die oordeel van God - skieliker as wat 'n mens ooit kan besef.'

Jeremia se oproep spreek ons direk aan. Ons moet ons nie laat verblind deur die sogenaamde volwassenheid van ons tydgenote nie. In wese is hulle onvolwasse, onseker en bang, soos kinders wat geen vastigheid het nie. Ons moet erns maak met die HERE se weë wat vir alle tye geld en wat altyd vastigheid gee. Die tyd en die ruimte is daar om dit te doen! Elke Sondag roep die Here ons na beide eredienste toe. Elke week verplig Hy ons kinders tot positiewe deelname aan die katkisasie. Hy soek ons rondom sy Woord: tydens huisgodsdienste, by Bybelstudie. Die vraag is: waar staan ons, watter inset lewer ons om in ooreenkoms met die oproep van die HERE te staan, te kyk, te vra, te wandel? Hierdie vrae moet ons in eerlikheid voor die HERE beantwoord. Waar nodig, moet ons koersaanpassings maak. Dit is 'n kwessie van oorlewing. Die kans dat ons weens 'n gebrek aan deurleefde Godskennis ten gronde gaan is baie groter as dat ons weens broodgebrek sal sterf.

Pad waarheen?

Waarnatoe lei die ou paaie van die HERE ons? Dit word in 'n kort sinnetjie vir ons geleer: 'julle sal rus vind vir julle siel'. Dit is 'n belofte wat die HERE gee. Die mens wat Sy paaie soek en daarin wandel, sal rus vind. Die Here Jesus neem die belofte oor in Matteus 11: 'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele. Want my juk is sag en my las is lig'.

Die sagte juk en die ligte las waarvan die Here Jesus praat is presies dieselfde as waarna die HERE in Jeremia 6 verwys. Wie noukeurig navraag doen na die ou paaie van die HERE, en die goeie weg loop, trek vir homself 'n juk aan. Inderdaad, want wat gebeur met jou as jy nie met die breë stroom saamloop nie? Hoe word jy bestempel as jy in 'n sogenaamd vernuwende wêreld by die ou paaie van die Woord bly? Ons hoef hieroor nie lank te wonder nie. Daar word gereageer as die gelowige die liniaal van die Woord uithaal. Sommige

reageer volwasse, beskaafd - ander minder volwasse, afbrekend, onbeskaafd. Nietemin dra alles daartoe by dat ons 'n las het om te dra.

Maar, die las is lig en die juk sag - so sê die Here Jesus. As ons eerlik balans opmaak, bemerk ons dit. Wie die ou pad van die HERE onvermoeid in 'n nuwe wêreld loop, het oneindig baie sekuriteit. Ook al is daar teenkating - jy weet dat jy aan die HERE gehoorsaam is. En wat weeg swaarder as juis dit?

'Julle sal rus vind vir julle siel' - dit is 'n ryk belofte. Daardie belofte realiseer as ons met volharding die pad van die HERE ken en daarin loop. Kennis is mag, kennis gee rustigheid. Baie vroeë leef in ons gemoed oor wat moontlik kan kom. Op sigself is dit nie verkeerd om sulke vroeë te stel nie. Wat meer is: hulle moet gestel word, anders kom ons nie ons verantwoordelikheid na nie. Die HERE wil nie hê dat ons ons kop in die grond steek en van die beste hoop nie. Ons het verstand ontvang om Godgerigte planne te maak. Ons ontvang elke dag liggaamskrag om daardie Godgerigte planne uit te voer. Maar nou: wie werklik rus wil hê oor die toekoms, moet uitvind wat God van hom verwag. Hoe meer ons van ons kant ons verantwoordelikheid nakom deur God se paaie na te vors en te loop, hoe meer rustigheid kry ons. Ons raak so doenig met God se wil, dat daar nie tyd is om te bekommer oor wat die vyand alles sogenaamd kan vermag nie.

Dit is feite. Elke keer as 'n mens die Bybel bestudeer en 'n stuk gegroei het in jou kennis van die HERE, of elke keer as jy 'n preek gehoor het waarin die pad van die HERE weereens duidelik uitgestippel is, skep jy moed. Jy kan die nuus kyk en

die gebeure evalueer sonder om senuweeagtig te raak. Want eintlik, so kom ons agter, is die nuutste ontwikkelinge op alle fronte reeds oud. Is dit wat die wêreld meen nuut is, nie lankal voorsê nie? Het die HERE nie eeue gelede al die nuuswaardighede uitgewys nie? In geloof het 'n mens dus rede om rustig te wees met betrekking tot die toekoms, want - jy werk in hoogste rat. Jy doen wat God van jou verwag.

Die teenoorgestelde is ook waar. Wie nie met die HERE se wil vir die lewe besig is nie, het rede om bekommerd te wees. Die bedrieglike profete en priesters in Israel lei die volk om die bos. Hulle mond is vol van vredespraatjies. Hulle het goedkoop raat vir die volk wat die Here verlaat het. Hulle sê net: vrede, vrede - alles is reg, moenie bekommer nie. Intussen is daar geen vrede nie. Intussen is die HERE besig om 'n volk uit die noorde teen hulle gereed te maak. Die volk en hulle leiers sal hulle fout nog agterkom. Die kamma-vrede sal ontmasker word as die vyand uit die noorde kom om hulle met geweld weg te voer.

Goedkoop vrede, dit is vrede sonder God, laat jou gevaarlike lugkastele bou. Daarom: laat ons nie daardeur verblind word nie. Toets die woord van elke leier, die beleid van elke party, die beginsels van elke organisasie aan die Woord van God. Gebruik u geloofsbelofte as enigste maatstaf - dan het u sekerheid oor wat u te doen staan. Dan leer ons om ware vrede te onderskei van alle namaak. Ons leer insien dat vertrou op God standhoudend is, terwyl die prinse van die wêreld met al hulle planne moet kom en gaan. Ons kry rustigheid in ons gemoed wat deur niks en niemand versteur kan word nie.

AKTUEEL

Die Godname en veral die Naam HERE in die Nuwe Beryming

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

As 'n mens die Nuwe Beryming (NB) lees, val dit dadelik op dat die NB geen onderskeid maak tussen die Name HERE (Jahwe) en Here (Adonai) nie. Die omdigting gebruik net Here of Heer vir sowel Jahwe (HERE) as Adonai (Here).

In verskillende omdigtings word die Godname selfs omgeruil. Hier volg twee sprekende voorbeelde:

- Psalm 65: Die grondteks het in die hele Psalm net God (Elohim). Die NB dig deurgaans om met Here/Heer.
- Psalm 112: Die grondteks gebruik deurgaans slegs die Naam HERE (Jahwe). Die NB dig HERE telkens om met God.

Ek noem nog net twee ander voorbeelde:

- Psalm 56: Die grondteks het nege maal God (Elohim) en een maal HERE (Jahwe). Die NB het drie maal Here en een maal (as omdigting van vers 11) God die Here.
- Psalm 69:7: Here, HERE van die leërskaare (Adonai Jahwe Sebaot) word omgedig met God.

Dit moet gestel word dat dit 'n tendens in die NB is om die Godname om te ruil. Hier het ons nie te make met iets wat net so hier en daar en so af en toe (ter wille van rym) voorkom nie.

Die na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument

Dit is duidelik dat die NB in sy omdigting van die Name HERE (Jahwe) en Here (Adonai) met Here beïnvloed is deur die 1983-vertaling van die Bybel.

As regverdiging vir en begroning van hierdie omdigting en vertaling voer voorstanders van die 1983-vertaling en die NB as argument aan: Wanneer die Nuwe Testament tekste uit die Ou Testament aanhaal, word sowel HERE (Jahwe) as Here (Adonai) sonder onderskeid 'vertaal' met Here (Kurios). Daarom word gesê: Na analogie (na aanleiding) van dit wat die Heilige Gees self in die Nuwe Testament doen, mag HERE en Here albei met Here vertaal en omgedig word.

Hierdie na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument is egter onhoudbaar en wel om die volgende drie redes.

Ten eerste

Die standpunt dat die Naam HERE (Jahwe) deur Nuwe Testamentiese skrywers 'vertaal' is as Here (Kurios), is aanvegbaar.

Dit is nie waar dat die Naam HERE altyd in die Nuwe Testament 'vertaal' is as Here (Kurios) nie. Aan die kruis haal Jesus Psalm 31:6 ('In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE/Jahwe, God van trou') aan, maar dan roep Hy nie 'HERE' (Jahwe) nie - soos dit in Psalm 31 staan. In plaas van HERE (of Here/Kurios), sê Hy: Vader – 'Vader, in u hande gee Ek my gees oor!' (Lukas 23:46).

Nog 'n voorbeeld is Psalm 110:1a: 'Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand'. Die Nuwe Beryming dig dit so om: 'Dit het die Heer belowe vir my koning ...'. Die vraag is egter: Kan dit werklik gesê word dat hierdie omdigting na analogie van die Nuwe Testament gedoen is? Na analogie van watter tekste in die Nuwe Testament? Waarom kies die omdigters na analogie van die Nuwe Testament wel Heer maar nie God nie? Dit is waar dat Matteus 22:44, Markus 12:36 en Handeling 2:34 die Naam Here (Kurios) gebruik. Maar met duidelike verwysing na Psalm 110:1 word in die volgende tekste nie gepraat van die regterhand van die Here (Kurios) nie, maar van die regterhand van God (die Vader) (Markus 16:19; Hebreërs 10:12), die regterhand van die Vader (Efesiërs 1:20), die regterhand van die majesteit (Hebreërs 1:3). Op grond waarvan kies die NB nou in Psalm 110 Here en nie God, Vader of majesteit nie?

Ten tweede

As die na-analogie-van-die-Nuwe Testament-argument tot sy logiese konsekwensies gevoer word, sal nog duideliker blyk hoe onhoudbaar hierdie argument is.

Dit is naamlik so dat die Nuwe Testament nie net wat die Godname betref afwyk van die Hebreeuse teks van die Ou Testament nie. Ook in ander gevalle volg die Nuwe Testament nie die Hebreeuse teks van die Ou Testament nie, maar wel onder andere die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint). Dit gebeur byvoorbeeld wanneer tekste uit die Ou Testament aangehaal word. Word een enkele voorbeeld kan ter illustrasie genoem word. Johannes 12:38b - 'Here, wie het ons prediking geglo' - haal Jesaja 53:1a aan: 'Wie het geglo wat aan ons verkondig is?' Daar is 'n duidelike verskil tussen dit wat in die Hebreeus staan en die teks soos dit deur Johannes aangehaal word. Johannes haal egter nie uit die Hebreeus aan nie, maar uit die Septuagint.

Die vraag is nou: Wanneer gaan die voorstanders van die na-analogie-van-die-Nuwe Testament-argument dan ook daardie tekste in die Ou Testament vervang met die weergawe van die teks in die Nuwe Testament? As hulle konsekwent wil wees, moet hulle Jesaja 53:1a vervang met Johannes 12:38.

Ten derde

'n Verdere vraag is: As die vertalers en omdigters besluit om die Naam HERE na analogie van die Nuwe Testament weg te vertaal en weg te dig, waarom het die Heilige Gees dit in sy alwysheid en alwetendheid nie self gedoen nie?

Die feit van die saak is egter: Die Heilige Gees self het die onderskeid tussen die Naam HERE en Here in die Ou Testament laat staan. Daarvoor moet ons eerbied hê.

Ons mag ook nie sy woorde in die Nuwe Testament (sy sogenaamde 'vertaling' van die Naam HERE met Here) afspeel teen sy woorde in die Ou Testament nie. Dit is Hy – en nie 'n mens nie – wat die Naam HERE in die Ou Testament laat staan het; swart op wit. Ons sal moet beseft dat die Heilige Gees net soveel in Psalms en in die hele Ou Testament as in die Nuwe Testament aan die woord is.

Die Naam HERE is vir die Heilige Gees self belangrik

Uit verskillende Skrifgedeeltes kan gesien word hoe belangrik die Naam HERE vir die Heilige Gees Self is.

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die Engel van die HERE in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israëliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Eksodus 3:1-10).

In antwoord op God (die Engel van die HERE) se opdrag het Moses (Eksodus 3:13) aan Hom gevra: 'Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? - wat moet ek hulle antwoord?' Daarop het God Moses geantwoord: 'EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: 'Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag' (Eksodus 3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet ons dit lees binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Eksodus 2 (verse 23-24) lees ons: 'En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken'. Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eeue oue belofte aan Abraham sal Ek gestand doen, nl. om hulle in die beloofde land Kanaän te bring. (Genesis 15:13-14: 'Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed') Die Naam HERE sê dus wie en wat die HERE vir sy volk is. Dit spreek van sy verbondstrou. Die Naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Daarby het die HERE ook gesê: 'Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag' (Eksodus 3:15). 'Gedenknaam' (*memorial*, herinnering) leer ons iets oor die Naam. God gee sy HERE-Naam as 'n herinnering aan, 'n gedenking van, 'n gedagtenis aan sy verbondstrou.

Eksodus 3:15 en die uitdrukking gedenknaam weerklank telkens in die Psalms: Psalm 30:5 ('Psalmsing tot eer van die HERE, o sy gunsgenote, en loof sy heilige gedenknaam'); Psalm 97:12 ('o Regverdige, wees bly in die HERE, en loof sy heilige gedenknaam!'); Psalm 102:13 ('Maar U, o HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag'); Psalm 135:13 ('o HERE, u Naam is tot in ewigheid, u gedenknaam, HERE, van geslag tot geslag!'). Ook die profete praat van die gedenknaam. Jesaja 26:8 lui: 'Ook in die weg van u oordele het ons U ver wag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit'.

Eksodus 3 vers 13 tot 15 leer ons hoe belangrik die Naam HERE is. So belangrik is hierdie Naam vir die HERE en so belangrik is dit vir Hom dat ons sal weet wat dit beteken, dat Hy dit self uitspel en verklaar: EK IS.

So belangrik is hierdie Naam: nie net vir die Ou Testamentiese kerk nie, maar vir die kerk van alle eeue, dat die Heilige Gees dit ook vir ons vandag in Eksodus 3 laat opteken het. Watter reg het ons dan om die heerlike, betekenisvolle Naam weg te laat?

So ontsaglik belangrik en so veelseggend is die Naam HERE dat God self sy Kind, wanneer Hy na die aarde toe kom, nie sommer enige Naam gee nie, maar uitdruklik sê dat Hy Jesus - die HERE, Jahwe verlos - genoem moet word (Matteus 1). Die Heilige Gees wil hê dat ons die verband, die openbarings-historiese band tussen die Naam HERE en die Naam Jesus, moet sien. Telkens wanneer ons as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie Naam Jesus lees, hoor ons daarin die Naam HERE en word ons in die Naam Jesus herinner aan die Naam HERE en aan dit waarvan die Naam HERE praat, naamlik van sy verbond en sy verbondstrou. In Jesus (die HERE verlos) ontmoet ek daarom op elke bladsy van die Nuwe Testament die Naam HERE. En in die geboorte, lewe, lyding en sterwe van Jesus sien ek die Naam HERE uitgespel: Die HERE is inderdaad EK IS, EK IS getrou. Hy maak in die Nuwe Testament, in Jesus, al sy beloftes waar. As ek die hele Bybel in een Naam moet saamvat en opsom, dan doen ek dit in hierdie een Naam: HERE. Wie sal dan durf sê dat die Naam HERE onbelangrik is?

Hier moet ek wys op 'n besondere en veelseggende ooreenkoms tussen Eksodus 3 en Matteus 1. In Eksodus 3, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van Egipte, verklaar die Engel van die HERE sy Naam: HERE, dit is EK IS. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: HERE, EK IS WAT EK IS. In Matteus 1, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van die sonde, verklaar die Here by monde van sy hemelse gesant die Naam Jesus: Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: Jesus - die HERE, Jahwe, EK IS, verlos. Sowel in Eksodus 3 as in Matteus 1 is dit die HERE self wat die Naam gee en verklaar. Dit sê iets oor die groot gewig van God se Naam.

Ten slotte moet nog op die woorde 'Hom wat is en wat was en wat kom' in Openbaring (1:4, 1:8; 4:8; 11:17; vergelyk ook 16:5) gewys word. Dit is duidelik dat daarmee op die EK IS WAT EK IS (Eksodus 3:14) gesinspeel word. Die Griekse woorde 'wat is' in Openbaring is presies dieselfde as wat die *Septuagint* (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik om die WAT EK IS van Eksodus 3:14 mee te vertaal. 'n Joodse

geskrif, *Targum Jonathan*, se parafrasering van Eksodus 3:14 laat eweneens sien dat Openbaring 1:4 en ander plekke terugryp op Eksodus 3:14. Die Joodse geskrif parafraseer die EK IS WAT EK IS met die volgende sin: 'Ek is wat ek was en sal wees'. Hierdie frase in Openbaring, 'Hom wat is en wat was en wat kom', leer sonder enige twyfel dat die Naam HERE in die Ou Testament nie 'n vergete Naam in die Nuwe Testament is nie. Ook in Openbaring gaan die Here wys dat Hy die HERE is, EK IS WAT EK IS. Openbaring spel die Jahwe-Naam nog verder uit.

Die Godsname en die gereformeerde dogmatiek

In die gereformeerde dogmatiek is deur die eeue heen gesê: God openbaar Hom in sy Name. In elkeen van sy Name maak Hy iets van Homself bekend.

Die dogmatikus J van Genderen (*Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*) skryf: God het Homself Name gegee om Hom te openbaar. Hy is wat sy Naam van Hom sê en Hy is dit heeltmal. Sy Naam staan dus vir Homself. Hy maak sy Naam aan ons bekend om so deur ons aangeriep te word en nie op 'n deur mense uitgedinkte wyse nie.

Met die wegdig en wegvertaal van die Naam HERE word nie die nodige erns gemaak met hierdie waarheid nie.

Ons kan hierdie Naam HERE alleen weglaat as ons seker is dat dit niks sê en niks beteken nie. En wie sal dit, dwars teen die getuienis van die Heilige Gees self in, durf sê?

Die Naam HERE en die sinodebesluit van 1991

Sinodebesluite is vanselfsprekend van belang. Dié besluite is immers gebaseer op die Heilige Skrif en 'moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde' (Artikel 31 Kerkorde).

Op die Nasionale Sinode van 1991 (Acta, p.114) is 'n aanbeveling goedgekeur dat die Sinode ten sterkste tot die Bybelgenootskap verhoë rig dat in Bybelvertalings 'n onderskeidende gebruik van die Godsname Jahwe (HERE) en Adonai (Here) moet geld. Dit was na aanleiding van die feit dat die 1983-vertaling beide Name sonder onderskeid met Here vertaal. Die 1953-vertaling daarenteen vertaal Jahwe met HERE en Adonai met Here. Die sinode dring dus daarop aan dat die onderskeid in Godsname in 'n Bybelvertaling moet uitkom - en tereg.

KERKGESKIEDENIS

Johannes Calvyn – begenadigde kind van God

31 Oktober 1517 sal vir die Gereformeerde Kerke altyd 'n besondere gedenkdag wees. Op daardie dag, toe ds Maarten Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het, het die kerkhervorming van die sestiende eeu momentum gekry. Op 31 Oktober 1517 was daar in Frankryk 'n agtjarige Rooms Katolieke seun wat die werk van die reformasie nog baie verder sou voer.

10 Julie 1509, Noyon, Noord-Frankryk. Die gesin van Gerard Cauvin en Jeanne le Franc word 'n seuntjie ryker. Hy kry dieselfde naam as sy ma: Jeanne. In Afrikaans – Johannes, Johannes Calvyn. Die klein Johannes is tinger, nie sterk nie. Maar wel besonder skrand: leergierig en lief vir lees. Daarby het hy van die Here 'n buitengewoon goeie geheue ontvang.

Johannes se pa is 'n voorbeeldige Rooms Katoliek. Alhoewel hy geen priester of 'n ander geestelike was nie, het hy tog 'n belangrike pos in die kerk beklee. Johannes se ma is besonder mooi, saggeaard, en vroom. Sy leer die jong seun om ten alle tye goed gemanierd op te tree. Johannes ontvang sy eerste skoolopleiding in Noyon, sy

geboortestad. Die skool is streng Rooms. Kinders word geleer om die Roomse leer en gebruike eerbiedig na te volg. Dit blyk sommer vroeg-vroeg dat Johannes 'n uitstaande leerling is. Op twaalfjarige leeftyd word hy openlik tot een van die geestelikes in die Roomse Kerk georden. Hieroor voel sy ouers besonder gelukkig.

Twee jaar later, op 14-jarige ouderom, word hy vanaf Noyon na Parys gestuur om te gaan teologie studeer. Johannes se pa wil hê hy moet 'n Roomse priester word – en, wie weet, dalk eendag 'n biskop – miskien die pous? Die studies verloop voorspoedig, maar dit kom in 1528 op 'n einde. Nie omdat Johannes daarmee klaar was nie, maar wel omdat sy pa hom nie langer toelaat om verder te gaan nie. Pa Calvyn het probleme met die Roomse Kerk opgetel, en is uit die kerk verban. Die gevolg is dat seun Calvyn sy teologiese studies moet staak. Pa Calvyn besluit dat Johannes geen priester meer moet word nie, maar 'n advokaat. 'n Ingrypende besluit. Hoe kan 'n pa sommer so-iets doen? 'n Mens wonder. In dieselfde asem: die kleine mens wik, maar die almagtige God beskik. Met 'n krom stok slaan die Here 'n reguit hou.

Ingrypende veranderinge

Wat sê en dink student Johannes Calvyn sêlf van alles wat so skielik en drasties verander? Is hy verward? Ontsteld? Teësinning om sy teologiese studies so kort voor die einde te laat vaar? Verbitterd omdat die pad na die priester-amp afgesny word? Niks van dit alles nie. In Parys het hy te doen gekry met die leer van dr. Maarten Luther. Luther was 'n skeldnaam in die Roomse Kerk. 'n Afvallige monnik wat met sy 95 stellinge die pous en die heilige leer van die kerk uitgedaag het. Hoe durf Luther dit waag? Van dié ketter mag daar nie eintlik gepraat word nie. Wie wel iets goeds van hom te sê het, staan kans om deur die Roomse owerheid doodgemaak te word.

Die leergierige Johannes Calvyn skroom nie om Luther se werke te lees nie. Intussen het hy ook 'n eie Bybel gekry. Hy lees dit elke dag. Hy dink na en vergelyk dit wat hy geleer het met dit wat hy van Luther en in die Bybel lees. Hy bid en worstel. Na sy kennismaking met die Bybel kan hy nie meer met 'n skoon en eerlike gewete 'n priester in die Roomse Kerk word nie.

Wat sê en dink student Johannes Calvyn sêlf van alles wat as gevolg van sy pa se besluit so skielik en drasties verander? Die antwoord is duidelik: Calvyn vind rus in dit wat met hom gebeur. In sy eie hart het daar reeds 'n breuk met Rome gekom. Wat die Here doen, is welgedaan.

Die omkeer

In Orleans, waar Calvyn regte studeer, werk hy ontsaglik hard. Buiten sy studie in ou tale en al die regsakke lees hy Bybel, veral die Evangelies en die briewe van die apostels. En hy verslind kerkgeskiedenisboeke. Hy bestudeer die werke van Augustinus, die kerkvader van Noord-Afrika. Dit bring hom diep onder die indruk van God se genade in die mens se lewe. Tegelyk laat dit hom al meer en meer wonder oor die Roomse Kerk met al sy gebruike en wette.

In Mei 1531, kort voor sy 22ste verjaarsdag, sterf sy pa. Hy word gedwing om sy studies in die regte te stop. Hy moet terug huis-toe om sy familie by te staan.

Hy vertoef nie lank in Noyon nie. Vanaf sy geboortestad loop sy lewenspad andermaal Parys toe, waar hy agt jaar tevore sy

teologiese studies begin het. Hy sit sy studies in letterkunde voort. Die Hervormers in Parys het al van die knap student gehoor. Ook dat hy Luther met waardering lees en 'n volgeling van die sogenaamde "nuwe leer" is. Hulle betrek hom by hulle byeenkomste. Omdat die doodstraf geld vir almal wat die Lutherse leer aanhang, word vergaderings saans in die geheim gehou. Calvyn werk ywerig saam. Deur sy geesdrif en skerp sinningheid word hy al gou die spilpunt om wie die kerkhervormingswerk in Parys draai. ... Alhoewel daar nog baie in sy lewe moet gebeur voordat die lig van die hervorming heeltemal in hom deurbreek.

1533 is die jaar van die groot omkeer. Nou is Calvyn 24 jaar oud. Hy skryf in een van sy briewe: "Asof deur 'n plotselinge ligstraal het ek tot die besef gekom in watter afgrond van dwalinge en in watter verwarring ek my bevind het". Jare later skryf hy in die voorwoord van sy kommentaar op die Psalms: "God het, terwyl ek die bygeloof van die pousdom al te hardnekkig toegedaan was, my siel deur 'n plotselinge bekering tot leersaamheid onderwerp".

Die verandering in Calvyn se lewe het nie ongesiens by die Roomse Kerk verbygegaan nie. Intendeel. By geleentheid lewer Calvyn 'n toespraak wat deurtrek is van die gees van die Hervorming. Talle Rooms Katolieke luister daarna – en veroordeel dit as growwe kettery. Hulle wil hom op die plek vang, maar hy ontsnap uit die saal. As die geregsdiens aan die deur van sy huis aanklop om hom te arresteer, laat sy vriende hom met 'n laken deur sy kamervenster ondertoe sak. Vermom as 'n tuinier verlaat hy Parys.

Ter wille van die evangelie

Calvyn is 'n vlugteling. Hy bly enkele maande in die suide van Frankryk, ver weg vanaf Parys. Dan besluit hy om heeltemal pad te gee uit sy geboorteland. Hy kom in Basel, 'n dorp in Switserland. Daar loop hy van sy getroue vriende raak wat ook uit Parys moes vlug vir hulle lewe.

Omdat die Roomse Kerk so bloeddorstig fel teen die Hervormers tekere gaan, besluit Calvyn om 'n handboek te skryf wat die Hervormers moet bemoedig, en wat tegelyk die leer van die Hervorming duidelik uiteensit. Die boek bestaan uit ses hoofstukke, waar onder: die wet, die geloof, die gebed, oor die sakramente en oor die christelike vryheid. Later sou Calvyn nog baie aan die boek uitbrei. Dit gaan groei tot 80 hoofstukke, en bekend staan as die *Institusie of Onderwysing in die christelike godsdiens*. Daardie selfde boek wat vir vele vervolgte gelowige kinders van die Here 'n bron van krag is, dryf die Roomse Kerk tot waansin. 'n Bevel gaan uit dat Calvyn gevang en tereggestel moet word. Weereens moet hy vlug. Hy kom in Noord-Italië. Maar ook daar is hy nie veilig nie. Hy gaan terug na Parys, waar die koning 'n edik uitgevaardig het waarvolgens kettters se veiligheid gewaarborg word, mits hulle binne ses maande na die Roomse Kerk terugkeer. In Parys kan Calvyn nie bly nie. Hy wil na Straatsburg in Duitsland gaan, waar die Roomse Kerk geen sê het nie.

Op pad na Straatsburg oornag hy in Genève, Switserland. Die stadsraad van Genève het alreeds vir die Hervorming gekies. Een van die leiers in die raad is ds Farel, 'n man wat die Here van harte vrees. Ds Farel dwing Calvyn om in Genève te bly, om te help met die vestiging van die Hervormde, Skriftuurlike leer, en 'n Godvresende lewe wat daarby pas. Dit was in die jaar 1536.

‘n Moeisame pad

In Genève preek Calvyn elke Sondag. Elke weensdag hou hy ‘n voorlesing oor die briewe van Paulus. Mense wat tevore nog nooit die Bybel gehoor en verstaan het nie, hoor dit nou in hulle eie taal. Calvyn stel ‘n kategismus op, wat gebruik word om die kinders in die kerk te onderrig. Hy berym die Psalms, sodat die lidmate dit tydens die erediens kan sing. Hy werk aan ‘n stel reëls wat gerig is op die orde in die kerk. Dit word ‘n kerkorde genoem. Alles wat hy skryf en sê, kom direk uit die Bybel uit. So sê die HERE Here.

Maar toe ontstaan daar weerstand in Genève. Heelparty inwoners dink dat Calvyn te streng is. Hulle wil nie so presies volgens die Woord van God leef nie. Die uiteinde is dat Calvyn en ds Farel uit Genève verban word. Hulle mag nie meer in die stad bly nie. Calvyn vertrek na Straatsburg – twee jare later as wat hy aanvanklik beplan het.

Die oes is groot

In Straatsburg was Calvyn predikant van ‘n klein Franse vlugtelinggemeente. Hy het tyd om te skryf. Hy gee die eerste Psalmboek uit. Hy werk aan die Institusie. Hy skryf ‘n kommentaar op Romeine. Hy preek en gee lesings. Hy skryf honderde briewe om medegelowiges op ander plekke te bemoedig.

In hierdie tyd trou hy met Idelette van Buren, ‘n weduwee. Uit die huwelik word ‘n seuntjie gebore.

Drie jaar later, in 1541, sien die raad van Genève in dat hulle ‘n geweldige fout gemaak het deur Calvyn te verban. Hulle smee hom om terug te kom en orde op sake te stel. Eers weier Calvyn. Die mense van Genève het hom bespot en belaster. Tog besluit hy om te gaan, al is dit hoe swaar. As God roep, wie is die mens om nee te sê?

Terug in Genève werk Calvyn dag en nag. Hy slaap dikwels slegs vier ure per nag. Hy preek tien keer per week. Hy skryf kommentare op bykans elke Bybelboek. Hy werk verder aan die Kategismus en die kerkorde. Hy skryf briewe en boeke teen mense wat dwaalleer verkondig. Hy lei predikante op wat oral in Europa tot die bediening toetree: John Knox, Caspar Oliveanus. Hy verkondig dat God oor alles in die lewe seggenskap het, en dat die eer van God die belangrikste doel van die mens se lewe is. ‘n Ywer vir God se huis verteer hom.

In 1549 sterf sy seun, en kort daarna sy vrou Idelette, skaars tien jaar nadat hulle getroud is. Dit was ‘n groot slag. Tog ontvang Calvyn genade van God om voort te gaan met sy werk.

Op 27 Mei 1564 sterf hy self. Nie bejaard nie – slegs 55 jaar oud. Maar wel afgeleef. Opgeleef. Hy laat geen noemenswaardige erfposisie agter nie. Sy graf kry geen steen op nie. So het hy dit verkies. Tog is die erfenis wat hy nalaat onberekenbaar waardevol.

Meetsnoere in lieflike plekke

Wie is ons? Calviniste? Nee. Ons is meer as Calviniste. Calvyn se broeders en susters – ja! Saam met Calvyn is ons om Christus wil kinders van ons hemelse Vader. Ons is diep dankbaar dat die Here vir ons so ‘n besondere broeder in ons kerkgeskiedenis gegee het. Vandag mag ons sy Institusie lees, en al sy kommentare gebruik vir preekmaak en Bybelstudie. Ons mag die Psalms sing wat hy begin berym het. Ons vind die spore van sy belydenisskrifte terug in ons drie Formuliere van eenheid. Sy kerkorde is die basis van ons Dordtse kerkorde. Ons mag die vrugte pluk van al sy harde werk, al is dit werk in swaakheid, werk met sonde bevlek. Nogtans: *Soli Deo Gloria* – alleen aan God al die eer!

REGTE

Ongebore menselike lewe – die *Nasciturus*reël (2)

Dr AH van den Bout, Pretoria

In ‘n eerste artikel (Waarheid en Dwaling, Julie 2002) is uiteengesit hoe die *Nasciturus* reël tot stand gekom het en hoe dit nog steeds sy toepassing vind. Met hierdie artikel word gepoog om vanuit die Bybel te hoor wat die regte van ongebore menselike lewe is. In die *Nasciturus* reël word ‘n ongebore vrug as gebore beskou so dikwels as wat dit tot sy voordeel is. Eerstens sal die mediese ontstaan van menselike lewe nagegaan word, daarna wat die skrif daarvoor sê en ten slotte hoe by ons as gelowiges die *Nasciturus* reël toepassing moet vind.

Die mediese ontstaan van menselike lewe

Deur die samesmelting van die vroulike eiersel met die manlike saadseel ontstaan menselike lewe. Ons kan sê God skep op daardie moment menselike lewe – ‘n wonderwerk wat ons menselike verstand te bowe gaan. Die volledige genetiese plan van DNA en RNA van waaruit ‘n volledige mens kan ontwikkel, lê vas. ‘n Mens sou kon sê dat die mens begin het om molekuler te bestaan. Dit dan as onderskeid van die somatiese bestaan waarby die menselike liggaam ontwikkel het. Innesteling van ‘n nuwe en unieke menselike lewe in die baarmoeder is dan ook nie ‘n voorwaarde vir die ontstaan daarvan nie. Innesteling is net van belang vir die voortbestaan daarvan. Dit beteken dus in feite dat nuwe menselike lewe ook in laboratoriums kan ontstaan wanneer ‘n eiersel met ‘n saadseel saamsmelt. Deur al die eeue is deur die kerk aanvaar dat na die same-

smeltingsproses die menselike siel ook tot stand gekom het; iets wat ons nie natuurwetenskaplik kan waarneem nie, maar net uit die Bybel moet aanvaar.

Die teenstanders van die toekenning van regte aan menselike lewe voor geboorte, wat dus in feite teruggaan tot op konsepsie, opper die beswaar dat die moment van samesmelting of konsepsie of ontvangenis nie presies bepaalbaar is nie. Konsepsie kan binne ses tot twaalf ure na gemeenskap plaasvind. Hoewel die presiese begin moontlik binne ‘n bepaalde kort tydruimte kan plaasgevind het, wil dit tog nie sê dat daardeur die regte aan enige ongebore lewe nie toegeken kan word nie. Indien dit inderdaad belangrik is, soos met ‘n skadeveroorakende handeling of medikasie, kan daar met die sivieltelike bewysnorm van ‘n oorwig van waarskynlikhede ‘n tydstop bepaal word waarop die menselike lewe begin het.

Sodra dus menslike lewe ontstaan het deur die samesmelting van eier- en saadseel hou dit aan om te ontwikkel en voort te gaan tot 'n volwasse persoon. Geboorte is hierby slegs 'n deurgangsfase waarby menslike lewe selfstandig kan voortbestaan, los van die moederliggaam. Geboorte opsigself is dus nie 'n lewegewende gebeurtenis nie.

Die Bybel oor regte van ongebore menslike lewe

Die menslike bestaan voor God is 'n tweeledige begrip. Die een deel daarvan is die bestaan in die uitverkiesing van die gelowiges van voor die grondlegging van die wêreld. Aan die ander kant bestaan die mens in die tyd soos God die mens geskape het en ook nou nog sy skepping onderhou deur voortplanting. Die Here sê in Jeremia 1:5 - Voordat ek jou in die moederskoot gevorm het, het ek jou geken en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het ek jou geheilig. Psalm 139 spreek van 'my ongevormde klomp' wat die Here gesien het en my gebeente wat nie vir die Here verborge was nie. In Job 10:11 bely Job dat die Here hom met vel en vlees beklee het en met beendere en senings deurvleg.

Dit is die Here self wat die mens uit die stof van die aarde geformeer het en in sy neus die asem van die lewe geblaas het, sodat die mens 'n lewende siel geword het (Genesis 2:7). Hoewel die liggaam deur die dood weer kan vergaan tot stof, keer die mens se siel terug tot God (Prediker 12:7).

God ken die mens dus van sy allereerste begin af, omdat dit Sy eie handewerk is. Om ontvang en gebore te word, is deel van God se raad. As God ons *ken* beteken dit dat Hy weet wie ons is, hoe ons gaan wees en of ons van ewigheid af uitverkore is. God se ken is 'n reggewende ken, waarmee Hy die mens sy eie identiteit gee in sy genetiese materiaal van man of vrou, van wit of swart, van blou oë of bruin oë en van enig iets wat die mens uniek maak. God gee hom daarmee verantwoordelikheid en regte, God plaas hom daarmee binne 'n bepaalde huwelik en binne 'n bepaalde maatskaplike verband.

Van Christus lees ons dat Hy deur die Heilige Gees spesifiek by Maria verwek is. Die mens Christus het, net soos ons, Sy eerste bestaan gehad in die vorm van 'n bevrugte eiersel (wat 'n wonderlike gedagte). Mens na die vlees en Gees van God.

Elkeen van ons wat nou lewe, was eers 'n bevrugte eiersel en elkeen van ons se lewe het daar begin. Ons eie unieke menswees het begin met konsepsie en ons regte en pligte het van daar af bestaan, dwarsdeur die groeifase in die moederskoot en dwarsdeur die geboorte en dwarsdeur die kinderjare tot volwassenheid.

Om in sonde ontvang en gebore te word beteken dan ook dat ons vanaf die eerste lewensbestaan die sondes aangekleef het en dat ons van daardie eerste bestaan onderworpe was aan die dood as straf op die sonde. Om direk na geboorte die teken en seël van die verbond te ontvang, beteken nie dat ons nog nie in die verbond was voor ons geboorte nie, terug tot ons eerste bestaan nie. Want *in* Abraham is ook al sy nageslag geseën, talryk soos die sterre aan die hemel.

God sien dus elke mens in sy eie individualiteit aan van voor sy geboorte, ja selfs van voor sy ontvangenis. Ongebore menslike lewe is heilig vir Hom omdat Hy die Gewer van die lewe is en Hy die mens as sy beeld geskape het. Gods werk in Sy skepping vanaf die bevrugte eiersel tot die moment waarop die mens hom moet verantwoord vir al die weldade wat God aan hom bewys het.

Dat daar nog groot verborgenhede is oor ongebore menslike lewe wat doodgaan, is iets wat ons moontlik eers in die ewige heerlijkheid mag weet en aanskou.

Die *Nasciturus*reël binne die samelewing

Die samelewing in die algemeen en veral ons eie samelewing leef nie volgens Gods gebooie en norme nie. Nogtans kry ons as Christene en gelowiges die vryheid en geleentheid om ons geloof op alle lewensterreine uit te leef. Die moeilikheid daarvan lê nie so seer in die onuitvoerbaarheid daarvan nie, maar eerder in die feit dat ons dikwels nie weet hoe om God se gebooie prakties uit te leef nie.

Regsreëls en wette is mensgemaak. Tog het God aan elke mens Sy ewige krag en heerlijkheid in Sy werke van die skepping geopenbaar (Romeine 1:19-20). Die *Nasciturus*reël het sy ontstaan gehad in 'n heidense Romeinse wêreld en is dwarsdeur die eeue toegepas sonder erkenning dat God self Skepper en Gewer van menslike lewe is. Dat daar aan ongebore menslike lewe (wat as vrug aangedui word) regte toegeken word en as gebore beskou moet word so dikwels as wat dit tot sy voordeel is, is opsigself niks mee verkeerd nie. Vir ons as gelowiges moet dit egter meer inhou as net dit.

'n Voordeel vir 'n menslike lewe is enigiets wat nie tot sy nadeel strek nie. As nadeel sou byvoorbeeld *abortus provocatus* gesien kan word. Om as ongebore vrug gedood te word is 'n totale aantasting van sy fisiese en psigiese integriteit (artikel 12 van die nuwe Grondwet) en reg op lewe wat elkeen het (artikel 11). Die enigste beperking wat ons uit die Skrif kan aflei is dat die moederlewe, as daar gekies moet word, swaarder weeg as die lewe van die ongebore kind.

Daar is wel 'n verskil tussen 'n ongebore en pasgebore menslike lewe, in die sin dat ongebore beteken dat die moeder nog in simbiose daarmee saamleef. Elkeen selfstandig, elkeen eie unieke genetiese eienskappe, maar tog aanmekaar vas. Tog, as die moeder sou doodgaan, beteken dit nie die onmiddellike dood van die kind nie. Die kind kan selfs onder bepaalde omstandighede met 'n keisersnee nog gered word. Dieselfde geld vir die dood van die kind *in utero* wat nie noodsaaklik en direk die dood van die moeder beteken nie. Heelwat ontstane menslike lewe aborteer spontaan, omdat dit nie lewensvatbaar is nie. 'n Buite baarmoederlike swangerskap in die eierleier of in die buikholte beteken 'n gewisse dood vir die pas ontstane lewe (en 'n bedreiging van die moeder se lewe).

Die moeder is egter nie die 'baas oor haar eie buik' en daarmee saam die baas oor lewe en dood van haar ongebore kind nie. Die moderne sedelose maatskappy wil ons dit dikwels wel laat glo dat ongebore lewe geen regte het en in werklikheid nog geen menslike lewe is nie. Dit is ook nie waar dat ongebore menslike lewe wel in beginsel 'n mens is, maar nog nie as sodanig ontwikkel het nie. Hiermee in lyn lê die aanleiding waarom hierdie besinning oor die *Nasciturus*-reël begin het, naamlik dat komateuse en ernstig demente bejaardes ook volop menslike lewe bly wat beskerm moet word.

Dat bepaalde regte binne ons samelewing eers vanaf geboorte aan 'n mens toegeken kan word, spreek vanself. Eers vanaf geboorte leef die menslike lewe as persoon op sy eie voort. Die spesiale lewensband met die moeder is verbreek. Van daar af kan die kind op sy eie groot word. Maar die feit dat die kind na geboorte op sy eie staan, wil nie sê dat 'n ongebore kind nie beskermingswaardig is nie.

Die *Nasciturus*reël sou dus eintlik so moes lui: *ongebore menslike lewe vanaf konsepsie het dieselfde regte as die gebore kind, net so dikwels as wat enige iets tot sy nadeel sou strek.*

Verder word ongebore menslike lewe beskerm deur die regte van die moeder binne die moederliggaam. Ongebore menslike lewe behoort dus in ons regstelsel as 'n persoon beskou te word, wat ondanks die spesiale omstandighede reeds oor regte beskik en dit ook onder enige omstandighede kan laat afdwing deur 'n *curator bonis*.

Hiermee saamhangend is dit ook belangrik dat kinders binne die veilige instelling van die huwelik ontvang en gebore word.

Die vader as verwekker van die kind behoort sy verantwoordelikheid ten opsigte van die verwekte lewe na te kom deur dit én die moeder te beskerm. Watter afgrypslike verwording van 'n maatskappy is dit as daar deur lesbiese of homoseksuele pare, deur middel van *in vitro* bevrugting, met donor eier- of saadselle, kinders in die wêreld gebring word.

Hoe belangrik is dit dan vir gelowiges om 'n duidelike standpunt in te neem op mediese en op regsgebied wat betref die regte van die ongebore kind en die regte en pligte van elke mens in die algemeen binne ons eie samelewing volgens die norme van die Skrif.

Dit verg baie studie en 'n openlike saamstaan.

REKENAAR EN INTERNET

Rondgelei deur Wittenberg se strate, die stad van Luther

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

'n Vorige keer het ek u aandag op 'n paar webbladsye gevestig wat werke van en oor Luther bevat. Hierdie keer wil ek julle na nog 'n mooi tuisblad neem, die van ds. R Grisnigt van die Gereformeerde Bond in Nederland. Die betrokke tuisblad bevat onder andere 'n hele afdeling oor Martin Luther. Die presiese adres waar u stof in verband met Luther kan kry, is www.meetingpoint.org/ml/mlframe.htm

Grisnigt begin op sy tuisblad met 'n *virtuele (denkbeeldige) rondleiding* deur die strate van Wittenberg. Hy laat ons onder andere die Slotkapel in Wittenberg, die plek waar Martin Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellings opgesit het, sien. Helaas het die oorspronklike deur nie bewaar gebly nie. Dit is in 'n verwoestende brand in 1760 vernietig. Ook ander besienswaardighede is te sien.

'n Lewensbeskrywing van Luther

As u die skakel *De levensloop van Maarten Luther* volg, kry u 'n indrukwekkende lewensbeskrywing van Luther. Telkens is daar pragtige foto's en tekeninge. So is daar byvoorbeeld 'n foto van die Wartburg in Eisenach, waarheen Luther ter wille van sy eie veiligheid deur Frederik die Wyse ontvoer is en waar hy die Nuwe Testament in Duits vertaal het. As u op die foto van die Wartburg kliek, kry u aan die hand van nog meer foto's 'n kort indruk van die huidige binnekant van die Wartburg. Telkens in die loop van die vertelling is daar skakels en as u dit

volg kry u meer inligting oor die betrokke persoon, plek, geskiedenis of gebeurtenis.

Informasie oor ander reformatore en tydgenote

In die inhoudsopgawe is daar ook 'n skakel na ander reformatore en tydgenote. Katharina Bora, Luther se eggenote, Phillipus Melancton, sy groot vriend, Tetzl en nog vele andere word bespreek.

Die Lutherlied en die Lutherroos

Martin Luther is bekend vir sy lied *'n Vaste burg is onse God*, maar wie van u het al ooit van die Lutherroos gehoor? U kan meer van hierdie familiewapen van Luther, wat dit beteken en hoe Luther se teologie daarin uitgedruk word, op hierdie tuisblad lees.

Ek moet sê dat die lewe van Luther lewendig en boeiend aangebied word.

Belangrike skakels

U sal ook in die indeks 'n verwysing *Links* kry. Dit is van groot belang om u te help om meer werke van Luther in stad Internet te kry.

By die volgende skakel kry u nog 'n webblad wat die lewe van Luther aanskoulik aanbied: <http://www.luther.de/en/index.html>

PERSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Gewoon Gereformeerd

Professor GJC Jordaan skryf in die redaksionele artikel van *Die Kerkblad* (28 Augustus 2002) soos volg:

Met die baie bekommerde gesprekke oor die probleem van dalende lidmatetalle in die GKSA het een ding duidelik geword: daar is nie 'n eenvoudige oplossing vir die probleem nie. Juis om hierdie rede word daar byna net soveel "oplossings" vir die probleem voorgestel as wat daar Gereformeerde lidmate is. Heelwat van die "oplossings" kom daarop neer dat die Gereformeerde Kerke drasties moet verander.

Die idee dat die kerk moet verander, is natuurlik nie nuut nie. As Gereformeerdes het ons dit lankal onder mekaar uitgemaak dat verandering reg is, mits dit reformasie is – nader aan die Skrif. Hieroor is daar ook al verskeie kere in Die Kerkblad geskrywe. Tog is daar een eis vir verandering wat bly kop uitsteek en wat om kommentaar vra.

As die GKSA sy jongmense wil behou, laat hoor 'n erg bekommerde lidmaat onlangs weer in 'n brief, dan moet die kerk 'n gedaanteverwisseling ondergaan. In ons eredienste moet ons

met Psalms en Skrifberymings wegdoen en lekkersing-liedjies invoer waarvan jongmense hou, soos dié in die Jeugsangbundel van die NG Kerk.

In plaas van formele Skrifuitleg moet die preke meer aanskoulik gemaak word met die hulp van oorhoofse projektors, poppe-vertonings en "Powerpoint"-aanbiedings. Jongmense hou ook van simbole, skryf hy. Daarom moet ons bereid wees om allerhande simbole in die eredienste in te voer, soos brandende kerse, kruise en afbeeldings van Bybelfigure.

... Dikwels is die voorstanders van hierdie veranderings ook voorstanders daarvan dat ons gebruike wat by ons Nederduits-Gereformeerde bure praktyk is, in die GKSA sal invoer. Dit is praktyke soos kinderdienste, bidure en gebedskettings, vrouens in die kerklike ampte, 'n (oop) Nagmaalsviering wat in die banke met kelkies bedien word, gesange wat in die erediens gesing word, ensovoorts.

Interessant genoeg, het hierdie Gereformeerdes se ywer vir gesange verander die oomblik toe die NG Kerk en die Hervormde Kerk besluit het om die Gesangeboek met die Liedbundel te vervang. Nou beywer hulle hulle vir die Liedboek in die GKSA.

Kortom: die veranderings wat vir die GKSA bepleit word, kom daarop neer dat ons maar net die NG Kerk sal nadoen. In werklikheid wil dit hê dat die GKSA 'n "klein NG-Kerkie" sal word.

In sy beskrywing van die stand van sake draai professor Jordaan geen doekies om nie. Veral nie wat betref sy slotsom nie. In aansluiting hierby stel hy enkele kritiese vrae:

Hierdie toedrag van sake bring 'n paar vrae na vore. Dit is vrae soos: As iemand dan werklik in alle opsigte soos die NG Kerk wil word, waarom voeg so iemand hom/haar nie maar byvoorbaat by die NG Kerk nie?

Of is die bedoeling dalk om deur die veranderings 'n eensydige eenwording met die NG Kerk te bewerkstellig? Want as die GKSA bloot maar die NG Kerk in alle opsigte nadoen, verval alle redes daarvoor dat die GKSA afsonderlik bly voortbestaan.

'n Mens kon dit te wagte wees dat die artikel met sy kritiese vrae reaksie sou uitlok. Inderdaad het die reaksie nie uitgebrei nie. Kort nadat die artikel verskyn het, is 'n gedeelte daarvan oor RSG (Radio Sonder Grense) uitgesaai. Ook die gedrukte pers het nie op hom laat wag nie. Die dagblad *Beeld* verwys na die 'dik Doppers' wat kwansuis hulle ontevredenheid oor gebeure in die Gereformeerde Kerke uitspreek. Uit die Gereformeerde Kerke het daar eweneens reaksie gekom. Ongelukkig in heelparty gevalle mensgerigte reaksie. Insteede daarvan dat die standpunt van professor Jordaan na behore geweeg en bespreek word, word opmerkings gemaak soos:

'Wanneer jy jou uitgee vir 'n toffie, moet jy nie verbaas wees as mense aan jou begin lek nie'. Wat anders het prof Jorrie Jordaan verwag sou gebeur as iemand in sy posisie so 'n gelaaide, eensydige, oudmodiese en selfs arrogante artikel skryf? ... Ek en die 99% van al die ander Doppers wat ek ken, is modern en oop denkers wat ons totaal distansieer van prof Jordaan se standpunt. Volgens my sou die eerbare ding vir hom wees om as redakteur te bedank (uittreksel uit 'n brief van Marius du Plooy in *Beeld* van 16 September 2002). En in *Beeld* van 23 September 2002 skryf E van Dyk: 'Dit is jammer dat prof. Jorrie Jordaan wil vasklou aan mensgemaakte reëls en regulasies in die kerk. En dat hy lidmate van die Gereformeerde Kerk vriendelik versoek om die kerk te verlaat indien hulle van hom verskil. ... Jammer prof Jordaan, die Doppers, dik of dun, sal hulle nie so maklik uit hul kerk laat jaag nie'.

Ongeag hierdie subjektiewe kritiek moet die saak uitgemaak word: hou professor Jordaan se slotsom dat die Gereformeerde Kerke stelselmatig in 'n NG-kerk omskep word water, of nie? 'n Klein stukkie kerkgeskiedenis gee antwoord op hierdie vraag. Met die (her)stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859 was die versugting van die destydse 'Doppers': laat ons in ons vervalde kerklike lewe terugkeer na die beginsels van Dordrecht 1618/19. Reeds op daardie stadium het die NG Kerk en die NH Kerk ver weg beweeg vanaf die eenheid in leer, diens en tug soos wat die Sinode van Dordrecht dit geformuleer het. Die Gereformeerde leer is geïnfiltreer met groot stukke metodisme en piëtisme. Die Gereformeerde diens het onder andere gebuk gegaan onder die aanslae van die humanistiese gesange. Die Gereformeerde kerkregering (tug) is opsygeskuif vir 'n kollegialistiese kerkregeringstelsel. Die ontstaan van die GKSA in 1859 was dus reformasie uit geloof, 'n terugbeweeg na die suiwer beginsel. Die 'Doppers' wou gewoon Gereformeerd wees.

Wat gebeur nou, 140 jaar later? Watter strewe is daar in sekere (sover ek weet, beslis nie 99%) Gereformeerde lidmate se gemoed? 'n Hernude soeke na gebedskettings, bidure, oop nagmaalviering, kindernagmaal, vrou in die amp, ensovoorts ensovoorts. Die geskiedenis herhaal homself. Maar met een verskil. In 1859 was die NG en NH Kerke reeds die spoor van Dordrecht 1618/19 byster. Daar moes 'n nuwe Gereformeerde Kerk gestig word. In 2002 staan die GKSA formeel op die basis van Dordrecht 1618/19, maar professor Jordaan toon aan dat 'n beweging aan die gang is om opnuut van die eenheid in leer, diens en tug af te wyk. Gereformeerd-wees beteken om gebind te wees aan Gods Woord, soos ons dit in die drie formuliere van eenheid bely, en soos wat dit in die kerkorde met betrekking tot die kerkregering vergestalt. Wie nie daaraan gebind wil wees nie, moet nie voorgee dat hy of sy Gereformeerd is nie. Is dit kras? Nee, dit is eerlik.

Reënboog-Gereformeerd?

Professor Jordaan se redaksionele artikel bevat nie net eerlike opmerkings en kritiese vrae oor sekere tendense in die GKSA nie. 'n Poging word aangewend om 'n uitweg uit die dilemma aan te wys. Professor Jordaan skryf verder:

Miskien kan ons in hierdie opsig iets haal uit die boekie van die postmodernisme. Hoewel ons nie met die postmodernisme as tydsges kan saamgaan nie, lê dit wel enkele aksente waaruit ons gerus maar kan leer. Eintlik is dit nie nuwe aksente nie, want baie daarvan is ou waarhede wat al by ons begin vervaag het. Spesifiek van belang is die aksent op die feit dat ons eie insigte nooit absoluut is nie.

Natuurlik wil die postmodernisme met hierdie aksent alle godsdiens relatiewe (d.w.s. daar is nie so-iets soos een regte, ware godsdiens nie, net soos daar geen absolute waarheid bestaan nie). Daarmee kan ons nie akkoord gaan nie. Maar die aksent op die subjektiewe aard van elke mens se eie insigte leer ons om nie oormoedig oor ons eie insigte te wees, so asof net óns reg is en alle ander mense verkeerd is nie. Uiteraard behoort mense aan 'n bepaalde kerk (in ons geval 'n Gereformeerde Kerk) omdat hulle oortuig is dat hierdie kerk se belydenis en praktiese inrigting op die regte verstaan van die Bybel berus. Maar hierdie oortuiging mag nooit oorgaan in die

idee dat daar buite hierdie kerk geen saligheid kan wees nie. Want so 'n idee berus op onbybelse reg-of-weg-denke, wat tipies is van bepaalde sektariese bewegings.

In die gereformeerde denke was egter nog altyd ruimte vir andersdenkende Christene. Voorbeeld hiervan was die groot hervormer Johannes Calvyn wat met die Rooms-Katolieke Kerk gebreek het omdat dit die pad van die Skrif byster geraak het. Maar tog was Calvyn se uitgesproke standpunt dat gelowiges wat hulle in die Rooms-Katolieke Kerk bevind, nog steeds in Christus saligheid ontvang.

Dieselfde verdraagsaamheid het na vore gekom in die standpunt wat ds. Dirk Postma in 1859 oor die Gesangeknessie by die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Transvaal gestel het. Self was hy oortuig dat die veiligste weg is om net Gesange waarvan die teks in die Bybel staan, in die kerk te sing. Nogtans sal hy 'n kerk wat ander regsinnige Gesange sing, nie veroordeel nie, het ds. Postma verklaar.

Miskien moet ons uit hierdie voorbeelde 'n les van verdraagsaamheid leer. Nie soseer om binne die GKSA alle praktyke en maniere van doen maar te verdra nie. Want dan word die GKSA 'n sambreelkerk wat soveel standpunte probeer huisves dat dit op die ou einde standpuntloos word. 'n Simptoom van so 'n akkommoderende kerk is dubbelsinnige sinodebesluite wat probeer om "almal tevrede te hou". Nee, so 'n verdraagsaamheid is uiteindelik selfvernietigend.

Die verdraagsaamheid wat ons tyd wel vra, is verdraagsaamheid tussen die verskillende Afrikaanse "susters"-kerke. In die GKSA het ons bepaalde oortuigings en 'n bepaalde manier van kerkinrigting wat ons glo reg laat geskied aan dit wat ons bely en wat die Here in sy Woord van ons eis.

Daarmee spreek ons egter nie 'n oordeel uit oor ander gereformeerdes wat glo dat dit anders gedoen moet word nie, soos in die NG Kerk, die Hervormde Kerke en die AP Kerk.

Waarom moet ons in elk geval almal ons belydenis op presies dieselfde manier uitleef? As ons met die nodige verdraagsaamheid die NG Kerk nie verkwalik oor die manier waarop hulle die gereformeerde belydenis in praktyk uitleef nie, waarom moet die GKSA dan nou hulle manier van doen oorneem?

Daar is eenvoudig net mense wat by die Gereformeerde manier van doen aanklank vind. Vir hulle is dit die regte manier van doen. Laat hulle dan in die GKSA tuis wees. Moet hulle nie probeer dwing om enige ander kerk se manier van doen oor te neem nie. En, in die woorde van die Openlike Verklaring wat by elke sinode van die GKSA voorgelees word, ons nooit "almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het ... en dit met ons wens te bely en te betrag, hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap". Dit is 'n uitnodiging sonder enige dwang. Daarmee veroordeel ons ook niemand wat die gereformeerde belydenis op 'n ander manier wil "betrag" nie.

Daarom: diegene wat hulle binne die GKSA bevind en hulle belydenis eerder wil uitleef op die manier wat in een van die ander gereformeerde kerkgemeenskappe praktyk is, behoort hulle by daardie kerk te voeg. Dit is tog die eerbare manier van doen. Solank hulle in die GKSA bly net om dit na 'n "klein NG-Kerkie" te probeer verander, is hulle in werklikheid besig om 'n groot aantal Gereformerdgesindes hulle geestelike tuiste te ontnem.

Maar as hulle hulleself by die NG Kerk voeg of by enige ander gereformeerde kerkgemeenskap waar hulle tuis voel, hoef daar

geen kwade gevoelens te ontstaan nie. Onderlinge verdraagsaamheid en liefde behoort ruimte hiervoor te skep.

Ek weet dat hierdie nie die tradisionele gereformeerde beskouing is nie. Ons beswaar was nog altyd dat so 'n beskouing die kerk degradeer tot 'n klub waarby elkeen na willekeur kan aansluit of nie.

Ek glo egter nie dat dit noodwendig die implikasie hoef te wees nie. Die kerk is en bly immers 'n vergadering van die Here wat Hy op sy tyd en wyse byeenbring soos Hy alleen goed dink (HK Sondag 21). Maar sou ons vir die Here wil voorskryf op watter manier Hy sy kerk moet vergader? Ons aanvaar dit dan dat die Here deur geografiese omstandighede sy kinders in verskillende kerke groepeer, sodat daar honderde verskillende gemeentes bestaan. Dit beskou ons nie as sondige verskeurdheid nie.

Kan die Here nie ook mense op grond van hulle innerlike oortuigings in verskillende kerkgemeenskappe groepeer nie?

As ons mekaar se bona fides in liefdevolle verdraagsaamheid aanvaar, hoef die verskeidenheid van kerkgemeenskappe nie noodwendig sondige verskeurdheid te wees nie.

Professor Jordaan stel twee vrae wat hy vir beantwoording aan die leser oorlaat:

- Maar sou ons vir die Here wil voorskryf op watter manier Hy sy kerk moet vergader?
- Kan die Here nie ook mense op grond van hulle innerlike oortuigings in verskillende kerkgemeenskappe groepeer nie?

Op die eerste vraag word 'n 'nee'-antwoord gesuggereer, op die laaste 'n 'ja'. Nee, ons wil vir die Here nie voorskryf op watter manier Hy sy kerk moet vergader nie. Ja, die Here kan ook mense op grond van hulle innerlike oortuigings in verskillende kerkgemeenskappe groepeer. Dit is wat professor Jordaan wil hê geantwoord moet word.

Wat is die konsekwensie hiervan? 'n Verskeidenheid van kerkgemeenskappe wat nie noodwendig sondige verskeurdheid hoef te wees nie. Met ander woorde: 'n Gereformeerde reënboog-kerkvolk. Doppers beleef gereformeerde-wees op 'n sekere manier. NG-ers 'n bietjie anders. Lidmate van die NH Kerke en die AP Kerke nog weer anders. Maar in beginsel is almal gereformeerde.

Is dit waar? Is 'n oop nagmaalstafel gereformeerde? En kindernagmaal, en die sing van die vrye lied, en die toelating van die vrou tot die besondere amp, en die hou van jeugdienste? Is dit gereformeerde om 'n kollegialistiese kerkregeringstelsel voor te staan en die teologie van Barth aan die teologiese skool te doseer en 'n nuwe vorm van mistiek in jou boesem te koester? Waar trek 'n mens die grense van verdraagsaamheid? Is dit liefdevol om vir iemand te sê: jy is in jou hart 'n NG-er, gaan soek jou heil by die NG Kerk en moenie die Doppekerk probeer ver-NG nie? Of moet mense tot gehoorsaamheid aan Gods Woord opgeroep word? Moet ons mekaar nie al meer en meer vasmaak aan ons belofte by die aflegging van openbare geloofsbelijdenis, aan die ondertekeningformulier vir ampsdraers nie en aan die openlike verklaring tydens meerdere vergaderinge nie? Dit wil voorkom asof die artikel op 'n soort gereformeerde pluriformiteit afstuur, wat in sy volle konsekwensies 'n innerlike teenstrydigheid is. Christus doen nie verniet voorbidding dat die volk van God waarlik een moet wees nie (Johannes 17). Dit is geen skyneenheid aan die oppervlak met groot verskille wat daaronder lê nie, maar 'n ware eenheid in murg en been, in geloof en lewe, in leer én in diens én in tug.